Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

EENSAAMHEID

Musiek: Emgemi Fereirra
Teks: Emgemi Fereirra

Eensaamheid, ek dra jou soos ‘n mantel
ek knoop my in jou warmte
ek dra jou soos ‘n jas

Maar eensaamheid
ek voel nog steeds die groot alleen
die koue knyp tot teen die been
ek dra jou soos ‘n las

Ek moet van jou af weg
ja, ek moet op reis
na ‘n stad wil ek verhuis
ek wil gaan mense soek
soek na warm bloed
en na ‘n lewe
vol van moed

Maar eensaamheid
miskien is al die treine vol
miskien is al die stasies toe
hoe kom ek ooit hier weg

Dan eensaamheid
dan keer ek weer terug na jou
dan kan jy jou weer om my vou
dan sweer ons ewig trou

Eensaamheid
my eensaamheid